

## Finansiële beleid van Tiertjie kleuterskool en naskoolsentrum

1. Die begroting word in oorleg met die Ondersteuningskomitee van die Kerkraad opgestel en goedgekeur.
2. Die fooie word jaarliks as deel van die begrotingsproses aangepas en is geldig vanaf 1 Januarie tot 31 Desember.
3. Fooie is maandeliks vooruit betaalbaar, voor of op die 1ste dag van elke maand, oor 'n tydperk van 11 maande, vanaf Januarie tot November.
4. Geen korting word toegestaan vir fooie wat vooruit vereffen word nie.
5. Geen krediet word vir afwesigheid toegestaan nie.
6. Aansoek kan gedoen word vir korting van fooie deur die voorgeskrewe vorm wat by die kantoor beskikbaar is te voltooi en alle inligting en dokumentasie wat versoek word te verskaf voor 28 Februarie van elke jaar. Geldige redes en bewys van die finansiële onvermoë om die volle fooie te betaal moet verskaf word. Die reg word voorbehou om enige relevante inligting en/of dokumente aan te vra ten einde die aansoek te oorweeg en die Kerkraad behou die reg voor om alle inligting wat verskaf word vir sodanige aansoeke te verifieer. Die toestaan van enige korting berus in die uitsluitlike diskresie van die Ondersteuningskomitee en word jaarliks hersien.

## **Beleid ten opsigte van betaling van skoolgelde**

1. Die gebruik van debietorders vir betaling van fooie is verpligtend.
2. Ouers sal teen ongeveer die 25ste dag van elke maand 'n rekeningstaat ontvang.
3. Die rekening is maandeliks vooruit betaalbaar voor of op die 1ste dag van elke maand.
4. Indien enige geld verskuldig nie teen die 7de van 'n betrokke maand betaal is nie, sal 'n e-pos of sms aan die rekenpligtige gestuur word as herhinnering vir betaling daarvan. 'n Administratiewe heffing kan hiervoor gehef word.
5. Indien die uitstaande rekening teen die 21ste van die maand nie ten volle vereffen is nie, of 'n skriftelike reëling vir die betaling daarvan getref is nie, sal die rekening oorhandig word vir invordering daarvan.
6. Enige reëling wat getref word moet na die Ondersteuningskomitee verwys word vir goedkeuring.
7. In gevalle waar 'n rekening vir meer as 30 dae uitstaande is en geen reëling ten opsigte daarvan deur die Ondersteuningskomitee goedgekeur is nie, word die reg voorbehou om die kind/ers nie verder tot die skool toe te laat nie. Die reg word verder voorbehou om die kind se rapport of verslag terug te hou indien enige fooie verskuldig is.
8. Die rekenpligte sal verantwoordelik gehou word vir alle kostes as gevolg van 'n debietorder wat deur die bank terug gestuur is sowel as vir enige administratiewe en/of regs-kostes aangegaan ten einde enige uitstaande geld te vorder.

**dr. Zander van der Westhuizen   mnr. Wilhelm Steyn   mnr. Gert Roux   mnr. Armand deVries**  
***(Ondersteuningskomitee, NG Tygerpoort)***